Groter Cederberg
Brandbeskermingsvereniging

JOU VENNOOT IN GEÏNTEGREERDE BRANDBESTUUR

WERK SAAM VANDAG OM ONGEWENSTE VELDBRANDE IN DIE TOEKOMS TE VOORKOM

AGTERGROND

Veldbrande is reeds miljoene jare ‘n algemene verskynsel in die Fynbosbioom - waar die plantegroei en dierelewe aangepas is om te oorleef. Vure is belangrik: dit handhaaf biodiversiteit en voorsien 'n kritiese ekosisteem diens.

Faktore soos klimaatsverandering en indringerplante verander die intensiteit, frekwensie en grootte van veldbrande. Dit het 'n negatiewe impak op sosiale, ekonomiese en ekologiese waardes van die streek en sy mense.

Deelname en betrokkenheid by brandverenigings kan egter hierdie negatiewe impakte verminder en beperk deur die ontwikkeling en implementering van geïntegreerde brandbestuursmaatreëls.

DIENSTE

Die doelwit van die Groter Cederberg Brandbeskermingsvereniging is om skade weens ongewenste brande te beperk.

Dit word bewerkstellig deur die vermindering van brandstoflading en die bevordering van brandgereedheid, bewusmaking en opvoeding.

Ons streef daarna om lewens, bates, eiendom en die omgewing teen die impak van ongewenste brande te beskerm. Die Groter Cederberg Brandbeskermings-vereniging is dus nie ‘n brandbestrydings-organisasie nie. Die funksie word wel deur die onderskeie distriksmunisipaliteite verrig.

NASIONALE VELD EN BOSBRAND WET
(Wet 101 van 1998)

Elke grondeienaar moet, waar daar ‘n moontlikheid bestaan dat ‘n vuur kan ontstaan en versprei, voldoen aan diè Nasionale Wetgewing. Dit vereis die maak van brandbane op grense, beskikbaarheid van opgeleide personeel, beskermende oorklere, toerusting, en gereedheid in geval van 'n brand. Die Brandwet maak ook voorsiening vir die stigting en bestuur van brandbeskermingsverenigings.

Ons is in 2005 geregistreer en beslaan tans ongeveer 1.1 miljoen hektaar en ondersteun 900 lede. Agri Wes-Kaap, akkreditasie instansies en versekeringsmaatskappye moedig deelname en betrokkenheid by brandbeskermingsverenigings sterk aan.

VOORDELE

- Lidmaatskap verseker dat nalatigheid teen jou as lid in ‘n hof bewys moet word.
- ‘n Bestuursplan word deur kundiges opgestel, sodat risiko’s op 'n gemeenskaplike basis bestuur en verminder kan word.
- Ons doen aansoek by die Minister om vrystelling te kry vir die maak van brandbane op eiendomsgrense.
- Voorligtingsaksies aan lede verseker dat risiko’s aangespreek word.
- Werk vir Vuur spanne is teen minimale fooie beskikbaar vir lede om risiko’s te verminder.
- U word georganiseer en gekoördineer tydens brandbestryding.
- Brandbewustheid en die opvoedingsvlak onder die gemeenskap word verbeter.
- Ons fasiliteer opleiding en kapasiteitsbou aktiwiteite.
- Ons verteenwoordig lede op provinsiale en nasionale forums.

BEFONDSING & LIDMAATSKAP

Die GCBBV is ‘n nie-winsgewende organisasie en is afhanklik van ledegelde en bydraes van vennote om optimaal te kan funksioneer.

Wanneer nuwe lede aansluit word ‘n eenmalige aansluitingsfooi gehef en ‘n jaarlikse fooi wat gebaseer is op die grootte van die eiendom.

Huidige tariewe is beskikbaar op die aansoekvorm wat verkrygbaar is op ons webtuiste.

022 931 2083
079 172 4340

admin@cederbergfpa.co.za

cederbergfpa.co.za